# TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

**Naam van gemeente:** SOMERSTRAND..... **Sinode:** *NG Kerk in Oos-Kaapland*

## A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
   *[Merk al die blokkies wat van toepassing is]*
   - x **Kerkraad**
   - x **Wyke**
   - x **Kleingroepe**
   - x **Lidmate: byeenkoms**
   - x **Lidmate: individueel**
   - ¨ Ander: .....

   **In Totaal 28 groepe (kerkraad, 12 blokke en 15 kleingroepe) 130 mense**

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
   - x **Ja**
   - ¨ Nee

## B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?

Mening oor die voorstel?

**Die meerderheid ondersteun die voorstel net so – 95%.**
**Van die opmerkings wat gemaak is:**

- **Die vermoede bestaan dat Belhar uiteindelik tog afgedwing sal word. Daarom is ek teen kerkhereniging.**
- **Weet nie hoe lank die kompromie volgehou kan word nie.**

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

**Die meerderheid ondersteun die voorstel net so – 95 %.**
**Van die voorstelle wat gemaak is:**

- **Gee 'n positiewe stelling oor die bestaande belydenisskrifte en dan iets oor Belhar.**
- **Belhar moet nie aanvaar word as belydenisskrif nie**
- **Dit is gek om in 'n gemeente verskille oor Belhar toe te laat. Dit laat te veel grys areas.**
- **Punt 5-6 moet weggelaat word**

Nuwe/ ander voorstelle?

**Die meerderheid ondersteun die voorstel net so – 95 %.**
**Van die voorstelle wat gemaak is:**

- **Sit iets by dat ons geseën word, sodat ons tot 'n seën kan wees.**
- **Skep een belydenis uit al die verskillende belydenisskrifte van die nuwe kerk, Belhar ingesluit.**

## C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

**Die meerderheid ondersteun die voorstel net so – 95 %.**
**Van die opmerkings wat gemaak is:**

- **Samewerking op rings- en sinodale vlak gaan uiteindelik lei tot ‘n oorname van die NG Kerk.**
- **Samewerking is beter as kerkhereniging. Stig eerder ‘n sambreel sinode.**

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

**Die meerderheid ondersteun die voorstel net so – 95 %.**
**Van die voorstelle wat gemaak is:**

- **Punt 9 oor assosiaat lidmaatskap moet sterk ondersoek word**
- **Punt 9 oor assosiaat lidmaatskap is nonsens!**

Nuwe/ ander voorstelle?

**Die meerderheid ondersteun die voorstel net so – 95 %.**
**Van die voorstelle wat gemaak is:**

- **‘n Taalbeleid is nodig. Ons verkies ‘n sisteem van tolke op meerdere vlak waar elkeen in die taal van sy keuse praat en getolk word.**
- **Getalle moet nie gelaai word met ander kerke se verteenwoordigers om ‘n gelyke verteenwoordiging te verseker nie. Dit sal onbillik en onregverdig wees.**
- **Verskans finansies en taal.**

## D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

**Die meerderheid ondersteun die voorstel net so .**

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

**Die meerderheid ondersteun die voorstel net so.**

## E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

**Die meerderheid ondersteun die voorstel net so.**

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

**Die meerderheid ondersteun die voorstel net so.**

Nuwe/ ander voorstelle?

**Die meerderheid ondersteun die voorstel net so.**

## F. Moontlike naam van ’n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van ’n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

**Geen voorstelle nie**

## Ander inligting

**Kommunikeer die sake wyd.**
**Stem elektronies!**
**Hoe gouer dit gebeur, hoe beter!**